Kerklike Tydskrifte
Die Sinode het vir baie jare deputate vir kerklike tydskrifte aangewys. Hierdie deputate sien toe dat die verskillende tydskrifte die lig sien en dat daar 'n redaksiekommissie vir elke tydskrif is wat saam met die redakteur van elke tydskrif die inhoud bepaal.

Die Administratiewe Buro behartig die administrasie, intekening, versending en finansies van die tydskrifte.

Die Kerkblad
Die blad verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" met prof. Jan Lion-Cachet as redakteur. Die Maandbode se laaste uitgawe eindig in 1894 met prof. Jan Lion-Cachet en prof. S Postma as redakteurs. Het Kerkblad met prof. Jan Lion-Cachet as redakteur verskyn sedert 1 April 1906. Vanaf 1 Junie 1922 verander "Het Kerkblad" na Die Kerkblad met dr. JD du Toit en ds. T Hamersma as redakteurs.

Die Kerkblad verskyn 11 keer per jaar. Prof Callie Coetzee is tans die redakteur van Die Kerkblad.

Intekening: om Die Kerkblad per pos te ontvang of elektronies te lees skakel die Administratiewe Buro by 018 297 3986/7/8/9 of per e-pos by tydskrifte@gksa.co.za
Vir bydraes, briewe en kommentaar: E-pos: kerkblad@gksa.co.za

Die Gereformeerde Vroueblad
Die Gereformeerde Vroueblad verskyn sedert Junie 1946 met mev. JM du Plooy as redaktrise.

Die Vroueblad verskyn 11 keer per jaar. Die redaktrise is tans mev Cobie Steyn.

Intekening: om die Vroueblad per pos te ontvang of elektronies te lees skakel die Administratiewe Buro by 018 297 3986/7/8/9 of per e-pos by tydskrifte@gksa.co.za
Vir bydraes, briewe en kommentaar: E-pos: cobiesteyn@live.com

Slingervel
Tydens Sinode 1961 (Handelinge 1961:289) word besluit dat die Gereformeerde Katkisant se naam verander word na die Slingervel. Dr. KS van Wyk de Vries word die eerste redakteur van die Slingervel.

Die Slingervel verskyn 11 keer per jaar. Dr Hennie van Wyk is die redakteur van die Slingervel.

Intekening: om die Slingervel per pos te ontvang of elektronies te lees skakel die Administratiewe Buro by 018 297 3986/7/8/9 of per e-pos by tydskrifte@gksa.co.za Vir bydraes, briewe en kommentaar: E-pos: slingervel@gksa.co.za

Kruispad
Kruispad is 'n kerklike publikasie vir tieners en jongmense tussen 16 en 26 jaar. Kruispad is 'n eietydse tydskrif met Reformatoriese inhoud, gefokus op aktuele sake, gerig op jong, groeiende gelowiges om toerusting te gee vir die maak van ingeligte keuses wat lei tot geloofsgroei.

Die Kruispad verskyn 4 keer per jaar. Mev Karin Bain is die redaktrise van die Kruispad.

Intekening: om die Kruispad per pos te ontvang of elektronies te lees skakel die Administratiewe Buro by 018 297 3986/7/8/9 of per e-pos by kantoor@kruispad.net

Vir bydraes, briewe en kommentaar: E-pos: kantoor@kruispad.net Webblad is www.kruispad.net